kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Luister jy?"

Skriflesing: Lukas 10:38-42 (1953)

38 EN op hulle reis het Hy in 'n sekere dorp gekom, en 'n
vrou met die naam van Martha het Hom in haar huis
ontvang.
39 En sy het 'n suster gehad met die naam van Maria; dié het
aan die voete van Jesus gesit en na sy woord geluister.
40 Maar Martha was baie besig om alles klaar te maak. Sy
kom toe daar staan en sê: Here, gee U nie om dat my suster
my alleen laat bedien nie? Sê dan vir haar dat sy my moet
help.
41 Maar Jesus antwoord en sê vir haar: Martha, Martha, jy is
besorg en verontrus oor baie dinge;
42 maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel
uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie.

Broodjies vir die Pad

By the time of his death in 2004-- thirty books in a thirty year career-- Jacques Derrida had narrowed his focus to certain "impossible/possibles," as he called them, including hospitality. In 2001 he wrote: Unconditional hospitality can't be an establishment, but it may happen as a miracle... in an instant, not lasting more than an instant, it may happen. This the... possible happening of something impossible, which makes us think what hospitality, or forgiveness, or the gift might be." (Deconstruction Engaged: The Sydney Seminars, Paul Patton and Terry Smith, eds., Sydney: Power Publications, 2001, pp 101-102) Six years earlier he had written: "Awaiting without horizon of the wait, awaiting one does not expect yet or any longer, hospitality without reserve, welcoming salutation accorded in advance to the absolute surrender the arrivant." (Specter of Marx, Peggy Kamut, trans., New York: Routledge, 1994, p. 65). Although such sincere, ready openness to something or someone is an ideal, the mere possibility that we might exhibit it or, conversely, be the recipient, means human behavior is not open and shut; it keeps open the glimmer that there is at least the possibility of something new and life-giving still to come in our lives. And, that mere possibility keeps alive the hope of new life, even when it had come to be assumed to be impossible.

The story of Martha and Mary continues the peculiarly biblical notion that responsiveness to others, especially those who show up in our lives unexpectedly, can be the test/opportunity by which new life is born, but with a more specific focus-- receptivity to "the words" from/about Jesus. Martha is presented as the one who took the initiative to invite Jesus into their home and then is consumed with the best manners of hospitality. (Dorothy Sayers imagines Martha as "House-proud" in The Man Who Wold Be King.) But Mary is mesmerized by "the words" of Jesus. When called upon to settle the difference between the two siblings, Jesus does not condemn Martha's action, he just says Mary made the better choice of how to use her time with their guest.

The emphasis of each of these two stories balances and enhances the others. "The words" from/about Jesus work their wonder when we devote our full attention to them because they open our hearts to God and to one another.

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/07/proper-11-year-c.html

◆◆◆

7 suksesvolle metodes om jou lewe te mors

Immanuel van Tonder

Een van die moeilikste uitdagings in die lewe is om in jou eie vel te leef; om hier te wees, waar jy nou lees, teenwoordig waar jy is. Ons laat onsself baie keer ontvoer na ander wêrelde weg van die plek en wêreld waar ek nou is. Alhoewel dit gesond is om per geleentheid so te ontsnap, kan dit 'n lewenswyse word waarmee jy eintlik net jou eie lewe mors! Jy verloor jou lewe in die TV-wêreld, nuuswêreld, inkopie-wêreld, kompulsiewe werksomgewing, ontvlugtende oefening, musiek wêreld, verlede, toekoms of met die hoop om iemand anders se lewe te kon leef. Die gevolg is dat jy nooit self leef nie en jou eie lewe mors.

Die een groot doelwit wat ons met hierdie kompulsiewe aktiwiteite en ontvlugting bereik is om net nie alleen te wees met my egte gevoelens nie. Ek voel nie my vrees, vreugde, geluk, verwerping, verwagting, hartseer, opgewondenheid en moedeloosheid nie. Die gevoelens word verdoof deur kompulsiewe ontwykingstaktiek. Eintlik is baie van ons maar verslaaf daaraan om onsself te ontwyk.

Hier is 'n paar metodes waarmee ons ons lewens mors:

1 Vrees om uit te mis op iets

Die lewe bied soveel opsies vandag. Daar is altyd 'n beter foon, opwindender program, interessanter werk of beter geselskap. Die gevolg is dat ek dan dink ek mis uit op iets beters en leef my lewe nie waar ek is met wat ek het nie...moenie jou lewe mors nie, daar is oorvloed lewensrykdom waar jy is!

2 Ontwyking van pyn en mislukking

Baie van ons spandeer baie energie om risiko's te ontwyk sodat ek net nie pyn en mislukking kan ervaar nie. Die plan is meestal om dan net maar altyd so min moontlik te doen en veilig moontlik te speel, sodat ek net nie seer kry of kan verloor nie. As jy nie kan waag nie, kan jy nie leef nie....moenie jou lewe mors nie, waag en leef!

3 Klou angstig aan die verlede

Baie mense spandeer ure om die verlede te koester. Daarmee word die hede altyd gevorm en beoordeel itv die verlede. Laat gaan die verlede. Maak sommige deure van die verlede toe, loop verder en soek ‘n volgende deur in jou lewe hier en nou...moenie jou lewe mors nie, maak die deur na *nou* oop!

4 Stories wat jou pootjie

Baie mense het verhale uit hulle eie, hulle ouers of ander se lewens wat die teks word waarvolgens hulle hul lewe rig. Dit word ‘n selfvervullende profesie. Watter verhale vertel jy oor en oor aan jouself wat jou keer om in jou lewe volledig teenwoordig te wees? Bemagtig jy jouself met jou selfpraat of pootjie jy jouself? Moenie jou lewe mors nie, bedink stories wat hoop bring!

5 Oordrewe poging om jou lewe by iemand anders te laat inpas

Ander mense sal altyd jou lewe vir jou wil leef en aan jou dikteer wat jy moet doen. Hoe vroeër jy besef dat jy net een lewe het wat jy moet leef, en nie kan bekostig om dit te mors nie, hoe beter. Natuurlik is dit soms makliker gesê as gedaan as jou ouers, vriende, baas, kollega of huweliksmaat jou lewe vir jou wil leef. Besef net dat jy uniek en spesiaal is, met ‘n besondere funksie om in die wêreld te vervul. Moenie jou lewe mors nie, leef wie jy is!

6 Jou verwagtings en die realiteit

Een van die grootste vorms van vermorsing is wanneer ons ‘n onrealistiese ideale prentjie het van hoe dinge moet wees, waaraan ons alles meet. Realiteit is dan nooit goed genoeg nie, wat veroorsaak dat ek ontevrede is met my kind, myself, my resultate, my motor, my huweliksmaat, my werk, my hare, my lyf ens ens. So mors ons lekker voort aan ‘n waardevolle lewe. "As good as it gets", is goed genoeg

7 Leef sonder Spiritualiteit

Egte gesonde spiritualiteit maak jou meer mens en laat jou die lewe voluit leef. God se teenwoordigheid wil jou help om die rykdom in jou lewe te ontgin, te vier en uit te dra. Sy teenwoordigheid maak sensoriese kanale oop om soveel moontlik in te neem op die plek waar jy is. Of dit nou hartseer, alleenheid, moegheid, bekommernis of moedeloosheid is, kan jy dit saam met die Teenwoordige eg beleef en deurwerk. Wanneer dit egter vir jou voel of die sluise van goedheid uit die Hemel oor jou lewe oopgetrek het, kan jy dans in die reën van God se liefde...hier en nou.

God se gawe aan jou is die lewe... Leef dit!

http://www.nglynnwood.co.za/profiles/blogs/kontak-21-september-2012-7-suksesvolle-metodes-om-jou-lewe-te-mor

Brood vir die Pad

Daardie gevoel van ons doen ons eie ding

Dirkie Smit

Is dit dan nie góéd as mense vandag outentiek wil lewe, sélf wil besluit, wil dóén, wil belewe – eerder as om napraters en meelopers te wees, passiewe toeskouers en willose kudde-diere nie? Is ons eietydse strewe, soms ons “etiek van outentisiteit” genoem, dan nie sélf ’n egte nuwe morele ontwikkeling nie? Wil ons dan nie hê ons kinders sal só wees nie – selfstandig en onafhanklik, mense wat op hul eie bene staan, ’n eie koers inslaan en ’n eie weg vind, ongeag wat dié ook al kan wees? En voel dit nie diep binne vir onssélf ook goed, dié gevoel dat ons ons eie ding doen, óngeag wat “die mense” kan sê nie? Inderdáád. En tóg?

Die Kanadese sosiale kommentator Charles Taylor, wat juis The Ethics of Authenticity as titel gebruik, stem nie saam dat dié houding een van onvermengde seën is nie. Inteendeel, hy beskryf dié aandrang op outentisiteit as die malaises of modernity, as simptome van sluimerende sosiale siekte-toestande, eerste tekens van naderende onheil. Dis dalk wel hoe vele van ons graag vandag lewe – naamlik doen wat ons wil, óngeag die verwagtinge van gemeenskap en tradisie, óngeag ander met hul waardes en kodes. Vir hom is dit egter óók simptome van steeds sieker samelewings.

Selfvervulling, dié modewoord van ons tyd, sê hy, kom maklik ten koste van wat vroeër morele toewyding genoem is, commitment. Ons verantwoordelikhede as burgers word ongemerk prys gegee, sê hy, verruil vir die najaag van private belange. Ons voel al hoe minder deel van groter verbande van behoort-aan en diensbaar-wees-aan, sê hy. Ons sien dit oral rondom ons – en dié nuwe etiek laat hom besorg. Wat hom betref is outentisiteit nodig en goed, sodat ons inderdaad die lewe vir onssélf ontdek en ervaar, maar ook dié strewes behoort steeds, so glo hy, deel te bly van groter “horisonne van sin”. Van die wysheid en waardes wat gemeenskappe oor eeue se dure ondervinding sáám ontdek het. Outentieke lewe – egte, opwindende, persóónlike belewenis – kan nie bloot los gemaak word van alle politieke, sosiale en godsdienstige tradisies nie, sê hy. Dan verval ons in anargie, waar elkeen net vir hulself omgee en sorg en niemand meer traak vir enigiets nie, sê hy. Outentiek beteken tog nie uniek nie?

Ons kan tog ook op outentieke wyse, vir onssélf, die wysheid, waarheid en waardes van tradisies núút ontdek en belewe?

Daarom is die vraag, aldus Taylor, nie hoe ons ontslae raak van alle behóórt, bindinge en verbintenis nie, maar hoe ons núwe gestaltes vorm, só dat ons dié waarlik as outentiek belewe, as ons éie keuses van behoort, ons éie bindinge, ons éie verbintenisse, maar tóg steeds as behoort, binding en verbintenis, en nié as eiesinnige selfsoeke nie. As vroeëre commitments nie meer vir ons werk nie, ons nie sinvol oriënteer nie, is die vraag nie hoe ons voortaan sónder commitments leef nie, maar eerder hoe ons núwe bande en verbintenisse vorm. En dis nie speletjies nie, want dis égte vrae, wat roep om outentieke, eie antwoorde, in ons tyd.

http://www.dieburger.com/opinie/2013-06-21-geestelike-waardes-daardie-gevoel-van-ons-doen-ons-eie-ding

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877